basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **DAARDIE DAG HET EK GROOT GESKRIK**

Daar het eendag iets gebeur wat jou groot laat skrik het.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur wat jou groot laat skrik het?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoekom het dit jou groot laat skrik?
- Hoe voel jy oor dit wat daardie dag gebeur het? **[40]**

1.2 **OP PAD SKOOL TOE**

Jy stap/ry elke dag dieselfde pad skool toe en terug. Dan sien of hoor jy baie verskillende dinge en mense.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat jy sien of hoor op pad skool toe.

Dink aan die volgende:

- Watter pad stap/ry jy skool toe?
- Watter mense sien/hoor jy op pad skool toe?
- Watter dinge sien/hoor jy op pad skool toe?
- Waarom hou jy van hierdie pad/hou jy nie van hierdie pad nie? **[40]**

1.3 **DIE SPORTSOORT WAARVAN EK DIE MEESTE HOU**

Verskillende mense hou van verskillende sportsoorte. Jy het ook 'n sportsoort waarvan jy hou.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die sportsoort waarvan jy die meeste hou.

Dink aan die volgende:

- Van watter sportsoort hou jy die meeste?
- Hoekom hou jy die meeste van hierdie sportsoort?
- Wanneer en waar beoefen jy hierdie sportsoort?
- Hoe maak sport jou lewe beter? **[40]**

1.4 **EK GEBRUIK SOSIALE MEDIA**

Die meeste tieners kan nie sonder sosiale media leef nie.

Skryf 'n **opste**l en vertel watter rol sosiale media in jou lewe speel.

Dink aan die volgende:

- Watter sosiale media gebruik jy gereeld?
- Hoe gebruik jy sosiale media en hoekom?
- Hoe maak sosiale media jou lewe beter? **[40]**
- Hoe sou jou lewe sonder sosiale media wees?

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit www.htxt.co.za] **[40]**

1.5.2




[Uit www.brandsouthafrica.com] **[40]**

1.5.3



[Verwerk uit www.shutterstock.com] **[40]**

1.5.4



[Verwerk uit www.edgalary.co.za] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het na 'n sokkerwedstryd tussen twee bekende sokkerspanne gaan kyk.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy vir hom/haar vertel wat alles daardie dag gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het alles daardie dag gebeur?
- Hoekom was hierdie wedstryd vir jou belangrik?
- Hoe voel jy oor alles wat gebeur het? **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Jy wou 'n sekere tipe skoolskoen hê. Die assistent by Super Skoenwinkel het baie moeite gedoen om vir jou die skoene in die hande te kry.

Skryf 'n **formele brief** aan die bestuurder van Super Skoenwinkel, mnr. Kuruman. Vertel vir hom hoe die assistent jou gehelp het en hoe bly jy oor die hulp was.

Gebruik die volgende adres:

Die Bestuurder
Super Skoenwinkel
Posbus 6429
Kimberley
0025

Dink aan die volgende:

- Wat was jou probleem?
- Hoe het die assistent jou gehelp?
- Hoe het jy gevoel oor die assistent se hulp? **[20]**

2.3 **RESENSIE**




Jy kyk graag na die televisiesepie, *Generations*.
Jy het baie van die laaste episode gehou.

Skryf nou 'n **resensie** oor hierdie episode van *Generations* vir die dorp se koerant.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en op watter kanaal kan jy na *Generations* kyk?
- Wie is die hoofkarakters en wat gebeur in hierdie episode?
- Waarom moet mense na *Generations* kyk? **[20]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die hele skool is vir die laaste maal saam voordat die graad 12-leerders die skool verlaat. Die skoolhoof het jou gevra om 'n toespraak te lewer. Jy moet die res van die leerders motiveer om hard te leer en graad 12 te voltooi.

Skryf die **toespraak** neer wat jy vir die leerders sal lewer.

Dink aan die volgende:

- Wat is die rede vir jou toespraak?
- Waarom is 'n graad 12-sertifikaat so belangrik?
- Watter raad het jy vir leerders wat sukkel om te leer? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

### 3.1 PLAKKAAT

Daar is 'n winkel naby jou huis wat tradisionele klere verkoop. Die eienaar van hierdie winkel het vir jou gevra om 'n plakkaat te maak om vir die mense van die gemeenskap van die winkel te vertel.

Maak 'n **plakkaat** om vir die mense van hierdie winkel te vertel.

Dink aan die volgende:

- Die inligting wat op die plakkaat moet verskyn.
- Die korrekte formaat vir 'n plakkaat.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jy het vanjaar 'n baie moeilike vak gehad. Jy was bang dat jy hierdie vak sou druip.

Skryf in jou **dagboek**. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die aand **voordat** jy hierdie vraestel skryf
- Die aand **nadat** jy hierdie vraestel geskryf het

Dink aan die volgende:

- Hoe bang jy die aand voor die tyd was.
- Hoe jy gevoel het nadat jy die vraestel klaar geskryf het. **[20]**


3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jy hou 'n partytjie by jou huis. Een van jou maats was nog nie by jou huis nie.

Verduidelik aan hierdie maat hoe om van die skool af tot by jou huis te loop deur die **pyltjies** op die roetekaart hieronder te volg. Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die **aanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Stap in Proteastraat af tot by ... .
2. ...
3. ...




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**